# Hoofstuk van die dag: Openbaring 22

> *Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus! (vers 20)*

Die laaste hoofstuk van die boek wil iets van die dringendheid van Jesus se wederkoms met ons deel. Drie maal verseker die

Here Jesus ons dat Hy gou kom (vers 7, 12 en 20). Dis nie net ons wat reikhalsend uitsien na sy koms nie, Hy ook!

Daarom is hier weer eens ’n dringende oproep aan ons elkeen om gereed te wees (vers 14), om die water van die lewe by die Here Jesus te kry (vers 17), en om saam met die Gees en die ganse kerk biddend te wag en te smag na Jesus se wederkoms (vers 17).

Openbaring is geskryf aan die vervolgde kerk wat gesmag het na verlossing uit die greep van Rome se wrede maghebbers. Dis ’n boek wat wil troos – Gód is in beheer, nie Rome nie! – en hoop gee. Alles sal nie bly soos dit nou is nie.

Daarom kan ons ook met die oog op die wederkoms lewe, en saam met Johannes uitroep: “Amen! Kom, Here Jesus!”

Naskrif: Môre begin ons met die boek Eksodus.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026